



PROVINSIALE EKSAMEN JUNIE 2024 GRAAD 11

**REKENINGKUNDE
VRAESTEL 1**

TYD: 2 uur

PUNTE: 150

11 bladsye + 1 formuleblad en 'n antwoordboek van 9 bladsye

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord ALLE vrae.
2. 'n Spesiale ANTWOORDBOEK word voorsien waarin alle vrae beantwoord moet word.
3. 'n FORMULEBLAD vir finansiële aanwysers word verskaf aan die agterkant van die vraestel.
4. Wys alle bewerkings om deelpunte te verdien
5. Jy mag 'n nie-programmeerbare sakrekenaar gebruik.
6. Jy mag 'n donker potlood, blou of swart ink gebruik om die vraestel te beantwoord.
7. Waar van toepassing wys al die berekeninge tot EEN desimale plek
8. Skryf netjies en leesbaar.
9. Gebruik die inligting in die tabel hieronder as 'n riglyn wanneer die vraestel beantwoord word. Probeer om NIE daarvan af te wyk NIE.

VRAAG	ONDERWERP	PUNTE	TYD IN MINUTE
1.	AARP beginsels en Staat van Omvattende Inkomste	50	40 minute
2.	Vennootskappe: Konsepte en Staat van finansiële posisie en Notas	45	36 minute
3.	Ontleding en vertolking	43	34 minute
4.	Probleemoplossing	12	10 minute
TOTAAL		150	120 minute

VRAAG 1: AARP BEGINSELS EN STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE
(50 punte; 40 minute)

- 1.1 Kies EEN woord/term vir elk van die volgende stellings deur 'n AARP beginsel uit die lys hieronder te kies. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (1.1.1 – 1.1.4) in jou ANTWOORDBOEK neer

Lopende saak; Omsigtigheid; Historiese koste, Wesenlikheid, Besigheidsentiteit, Paringsbeginsel
--

- 1.1.1 Besigheid verwag om 'n wins van R80 000 te maak op die verkoop van 'n gedeelte van die gebou, dit sal nie in die boeke ingeskryf word voordat die oordrag van die grond afgehandel is nie.
- 1.1.2 Versekering R2 300, word vooruit betaal. Hierdie bedrag word nie weerspieël in die staat van omvattende inkomste nie
- 1.1.3 Die besigheid sal in die toekoms voortgaan om te funksioneer.
- 1.1.4 Rente uitgawe moet afsonderlik in die finansiële state opgeteken word. (04)

1.2 **HLAZO HANDELAARS**

GEVRA:

Die volgende inligting is geneem uit die boeke van Hlazo Handelaars op 29 Februarie 2024. Die besigheid gebruik 'n winsopslag van 80% op kosprys.

- 1.2.1 Stel die Inkomstestaat (Staat van Omvattende Inkomste) van Hlazo Handelaars op vir die jaar geëindig 29 Februarie 2024. (42)
- 1.2.2 **Verwys na inligting B(viii)**
- Gee **TWEE** moontlike redes waarom die huurinkomste verlaag het (04)

INLIGTING
A UITTREKSEL UIT DIE VOORAANPASSINGSPROEFBALANS OP 29 FEBRUARIE 2024

Toerusting (teen kosprys)	432 800
Opgehoopte waardevermindering op toerusting	82 100
Lening: Tika Bank	611 300
Handelsvoorraad	212 000
Debiteurekontrole	115 420
Voorsiening vir oninbare skuld	11 950
Bank (Debiet)	79 450
Verkope	1 248 260
Koste van verkope	?
Debiteure-afslag	3 200
Diverse uitgawes	86 700
Telefoon	23 650
Salarisse en Lone	189 240
Versekering	42 840
Verpakkingsmateriaal	14 000
Oninbare skuld	8 800
Waardevermindering	85 600
Huuruitgawe	78 200
Rente op vaste deposito (balanseerder syfer)	?

B AANSUIWERINGS EN ADDISIONELE INLIGTING

- (i) Goedere met 'n kosprys van R9 200 is op krediet verkoop aan P Smith. Geen inskrywing is gemaak nie.
- (ii) Op 29 Februarie 2024 het 'n fisiese voorraadopname die volgende aan die lig gebring:
 - Handelsvoorraad R196 450.
 - Verpakkingsmateriaal gebruik R7 900.
- (iii) 'n Debiteur, T Naidoo, wie se rekening voorheen afgeskryf is, het R800 betaal. Die boekhouer het die bedrag verkeerdelik in die oninbare skuldrekening gekrediteer.
- (iv) Voorsiening vir oninbare skuld moet met R5 000 verminder word.

- (v) Een werknemer is uitgelaat uit die Salarisjoernaal vir Januarie 2024

Bruto salaris	Aftrekkings	Netto salaris	WVF bydrae
?	R560 (7%)	?	160 (2%)

LET WEL: WVF-bydrae sluit bydraes in wat deur die werkgever gemaak is. Alle bydraes vorm deel van salarisse en lone.

- (vi) Versekering sluit 'n jaarlikse polis in van R57 840 wat op 1 June 2023 uitgeneem is.
- (vii) Die leningstaat wat van Tika Bank ontvang is, wys 'n eindsaldo van R630 800.
- (viii) Huurinkomste is vir die tydperk van 1 Maart 2023 tot 31 Desember 2023.
LET WEL: Huur verminder met R400 per maand vanaf 1 November 2023.
- (ix) Die bankstaat het die volgende items aan die lig gebring wat nie in die betrokke kontantjoernale aangeteken is nie:
- Transaksiefooie R340
 - EFO fooie R210

VRAAG 2: VENNOOTSKAPPE: STAAT VAN FINANSIËLE POSISIE EN NOTAS
(45 punte: 36 minute)

ROSEY DAISY BLOOMS

Die volgende inligting is uit die rekords van Rosey Daisy Blooms, 'n vennootskap wat deur White Rose en Yellow Daisy besit word.

GEVRA:

- 2.1 Pas die beskrywings in KOLOM A by die term in KOLOM B. Skryf slegs die korrekte letter langs die vraagnommer in jou antwoordboek neer.

KOLOM A		KOLOM B	
2.1.1	Nie-bedryfsbate	A	Die bedrag wat onder bedrysbates aangeteken word.
2.1.2	Solvensie	B	Hierdie bate neem meer as 12 maande om in kontant omgesit te word.
2.1.3	Bedryfsbate	C	Die vermoë om huidige skuld te betaal.
2.1.4	Likiditeit	D	Hierdie bates kan binne 12 maande in kontant omgesit word.
2.1.5	Bank Oortrokke	E	Die besigheid se vermoë om al sy skuld te delg.
		F	Gee 'n aanduiding of die besigheid deur sy eie kapitaal of deur geleende kapitaal bedryf word.

(05)

- 2.2 Stel die Bedryfsbate nota op vir die Staat van Finansiële posisie op 29 Februarie 2024.

(20)

Verwys na inligting A & B

- 2.3 Stel die Ekwiteite en Laste afdeling van die Staat van Finansiële posisie op.

(20)

Verwys na inligting A tot D

INLIGTING:

Uittreksel van die Na-aansuiwerings Proefbalans op 29 Februarie 2024.

Kapitaal: Rose	290 000
Kapitaal: Daisy	280 000
Privaatrekening : Rose (01 Maart 2023)	DR 67 000
Privaatrekening : Daisy (01 Maart 2023)	CR 55 000
Onttrekkings: Rose	?
Onttrekkings: Daisy	85 000
Bank	178 000
Kleinkas	2 500
Debiteurekontrole	59 000
Lening : Tulip bank	?
Vaste deposito: Lilly bank	690 000
Krediteurekontrole	160 000
Opgelope inkomste	16 000
Opgelope uitgawe	3 500
Vooruitbetaalde uitgawe	4 000

- A. Rose het halfpad deur die jaar haar kapitaal met R20 000 verhoog, dit is nog nie aangeteken nie. Daisy se kapitaal het dieselfde gebly gedurende die jaar.
- B. Die vennootskapsooreenkoms bepaal die volgende:
- Rente op kapitaal word bereken teen 10% van die kaspitaal se saldo's.
 - Daisy se bonus is 50% meer as dié van Rose.
 - Die totale salaris wat aan Rose betaal is, het R159 000 beloop, dit het haar salaris vir Maart 2024 ingesluit. Daisy se salaris vir die jaar het R182 000 beloop. Beide vennote is geregtig op 'n R1 000 verhoging p.m. op 01 Januarie elke jaar wat in aanmerking geneem is.
 - Die netto wins vir die jaar het R600 000 beloop en die oorblywende wins word in die verhouding van 2:3 onderskeidelik tussen Rose en Daisy gedeel.
 - Daisy se onttrekkings het R85 000 beloop, Rose onttrek 50% meer as Daisy.
- C. 'n Krediteur met 'n kredietsaldo van R2 000 moet oorgedra word na die Debiteuregrootboek.

- D. Die rente op lening word gekapitaliseer. Onder is die Leningstaat ontvang van Tulip bank.

TULIP BANK LENINGSTAAT OP 29 FEBRUARIE 2024	
Saldo op 01 Maart 2023	380 000
Rente vir die jaar	
Terugbetaling ingesluit rente (R6 500 x 12)	78 000
Saldo op 29 Februarie 2024	330 000

Die kapitaalgedeelte van die lening wat in die volgende boekjaar betaal sal word, sal met R15 000 verhoog.

45

VRAAG 3: ONTLEDING EN VERTOLKING

(43 punte; 32 minute)

FAIRYTALE PALEISE HANDELAARS

Fairytale Paleise Handelaars is 'n vennootskap wat deur Cinderelli en Snowy besit word. Die finansiële jaar eindig op 29 Februarie 2024. Hulle maak gebruik van 'n 20% winsopslag op koste van verkope.

EIS

GEVRA:

- 3.1 Bereken die volgende finansiële aanwysers vir die jaar geëindig 29 Februarie 2024.

- 3.1.1 Bruto wins op Verkope. (04)
- 3.1.2 Vuurproefverhouding. (04)
- 3.1.3 Gemiddelde persentasie opbrengs verdien deur Snowy. (07)
- 3.1.4 Skuld\Ekwiteitsverhouding. (04)
- 3.1.5 Solvabiliteitsverhouding. (04)

Profitability

- 3.2 Cinderelli en Snowy ontvang 'n aanbod van 'n potensiële 3de vennoot. Die vennoot stel meestal belang in die winsgewendheid van die vennootskap. Dink jy Fairytale Paleis se winsgewendheid is goed? Verskaf twee aanwysers met syfers om jou antwoord te staaf. (05)

- 3.3 Die besigheid het nie die beoogde winsopslag van 20% behaal nie. Verskaf TWEE moontlike redes waarom die winspersentasie nie behaal word nie. (04)

Likiditeit

- 3.4 Lewer kommentaar oor die Likiditeit van die besigheid. Verwys na **TWEE** relevante aanwysers met syfers om jou antwoord te staaf. (04)

Risiko

- 3.5 Die vennote het besluit om 'n afleweringsdiens te begin aanbied. Hulle oorweeg dit om 'n bykomende lening te neem om die aankoop van 'n nuwe voertuig te finansier. Is dit wys vir hulle om hulle lening te verhoog? Haal een finansiële aanwyser met syfers aan om jou antwoord te staaf. (04)

Winsgewendheid

- 3.6 Snowy is tevrede met die opbrengs wat sy ontvang het, verduidelik hoekom deur syfers aan te haal. (03)

INLIGTING

- A. **Uittreksel uit die Staat van Omvattende Inkomste vir die jaar geëindig 29 Februarie 2024.**

Verkope	R1 830 000
Koste van verkope	R1 610 400
Bruto wins	?
Netto wins	R 223 875

B. Uittreksel uit die Staat van Finansiële Posisie op 29 February 2024.

	2024	2023
Nie-bedryfsbates	1 375 650	
Vaste deposito @ 10% p.a.	?	200 000
Bedryfsbates	585 500	738 000
Voorraad	170 500	238 000
Handels en ander ontvangbares	240 000	350 000
Kontant en kontantekwivalente	175 000	150 000
Vennote belang	?	?
Kapitaal: Cinderelli	600 000	480 000
Kapitaal: Snowy	620 000	490 000
Privaatrekening: Cinderelli	CR 42 000	CR 78 000
Privaatrekening: Snowy	DR 13 500	CR 37 000
Nie bedryfslaste	419 900	600 000
Bedryfslaste	292 750	307 500

C. Finansiële aanwysers en addisionele inligting

	2024	2023
Bedryfswins op verkope	16%	23%
Bedryfsuitgawes op verkope	19%	12%
Bedryfskapitaalverhouding	2:1	2,4: 1
Vuurproefverhouding	?	1.63:1
Debiteure invorderingsperiode	32 Dae	40 Dae
Skuld-ekwiteit	?	0,6: 1
Totale Verdienste deur Cinderelli		
Totale Verdienste deur Snowy	149 250	
Opbrengs op vennote se belang	14%	20%

VRAAG 4: VASTE BATE BESTUUR

(12 punte; 10 minute)

PROBLEEMOPLOSSING

Jones Mahlaba besit drie taxi's. Sy is bekommerd oor die prestasie van die besigheid.

GEVRA

- 4.1 Identifiseer EEN groot probleem wat met elke taxi verband hou. Haal syfers aan en verskaf oplossings vir die probleme wat geïdentifiseer is. (12)

INLIGTING

Inligting van die besigheidsrekords op 31 Mei 2024, die einde van die finansiële jaar.

	TAXI 1	TAXI 2	TAXI 3
Datum aangekoop	1 June 2009	1 July 2021	1 April 2023
Kosprys van voertuie	R140 700	R276 000	R432 000
Opgehoopte waardevermindering	R140 699	R234 600	R100 800
Totale inkomste van taxi-tariewe	R1 462 500	R720 000	R480 900
Kilometers afgelê	97 500 km	49 000 km	32 060 km
Tarief per kilometer	R15	R15	R15
Brandstof en herstelwerk kostes	R843 375	R303 800	R92 974
Brandstof en herstelwerk per kilometer	R8,65	6,20	2,90

12

TOTAAL: 150

EINDE

BYLAE

FORMULEBLAD

$\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Netto wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Bedryfsuitgawes}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Bedryfswins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	
$\frac{\text{Totale verdienste deur vennoot}}{\text{Gemiddelde vennote ekwiteit}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Netto wins}}{\text{Gemiddelde vennote ekwiteit}} \times \frac{100}{1}$	
Bedryfsbates : Bedryfslaste	Bedryfsbates – Voorraad Bedryfslaste	
Handels – en ander Debiteure + Kontant en Kontant Ekwivalente: Bedryfslaste		
$\frac{\text{Gemiddelde Debiteure}}{\text{Kredietverkope}} \times \frac{365}{1} \text{ or } \frac{12}{1}$	$\frac{\text{Gemiddelde krediteure}}{\text{Krediet aankope of koste van verkope}} \times \frac{365}{1} \text{ or } \frac{12}{1}$	
$\frac{\text{Gemiddelde voorraad}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{365}{1} \text{ or } \frac{12}{1}$	$\frac{\text{Koste van verkope}}{\text{Gemiddelde voorraad}}$	
Nie bedryfslaste : Vennote ekwiteit	Totale Bates : Totale Laste	
Vaste Koste Verkoopsprys per eenheid – veranderlike koste per eenheid		